



Internasionale Jaggeweer Skiet Vereniging (IJSV – IHRSA) Internasionale Span kampioenskap - 2014

Die beplanning van die Wêreld Kampioenskappe het ook 'n spanskiet ingesluit . Ek het die gedagte in my kop gehad om die skiet op 'n ander plek te hou en ek wou graag al die skuts bymekaar kry sodat hulle mekaar beter kon leer ken.

Daar is besluit op Amanzi,'n wildsplaas 10km buite Brandfort. Die geriewe is uitstekend en die area is reg vir 'n skietkompetisie. Dis so gereël en ons (dus nou die spanne) is die Sondagoggend na die Wêreld-Kampioenskap per voertuig na die lodge. Ons was 'n groot konvooi en het nogal aandag getrek toe ons langs die pad vir almal moes wag. Tydens die stop het 'n man langs my stilhou en vra wat aangaan; hy wil nie iets mis nie.

Met die aankoms is almal verwelkom en het ingeboek. Die middag om 15h00 is almal, nadat ons die teikens geplak het, na die gebied waar ons die bane sou bou. Ek het die plaas so 'n maand van te vore besoek om die area te identifiseer.

Al die spanne het help baan bou.'n Baan met 'n Fox waar ons 6 stompe nadergetrek het as skietposisies, 'n rooibok baan oor 'n dam met 'n 3-poogt (staan,kniel,sit en lê). Baan drie was die Blesbok en ghongs gekombineer. Twee bome is gebruik as skietposisies en 'n span het 12 minute gehad.

Baan 4 was staande met die enkelstok terwyl ons op baan 5 'n groot klip gebruik, enige posisie. Twee stuks kon tegelyk hier skiet. Baan 6 was vanaf 'n 4 been stok wat ons aangemaak geflans het.

Die bane was reg, die manne was baie ontspanne en ons het die Sondagaand lekker gekuier, maar was vroeg in die bed na die uitputtende skiet van die afgelope 3 dae.

Tydens 'n vergadering die Sondagaand van die Internasionale komitee is besluit dat die 2de Wêreld-Kampioenskappe gedurende September 2017 in Namibie aangebied sal word en wel naby Windhoek.

Maandagoggend is die spanne geplaas in die groepe soos hulle sou skiet en daar is na die skiet area verterk.

Ons het tussen 12 en 2 gebreek vir middagete en het met vol mae die skiet hervat. Pieter van der Westhuizen, een van die Protea spanlede het sy skouer ernstig ontwrig met die gooi poging van 'n rolletjie sellotape. Die plaaslike dokter kon gelukkig die skouer teruggedruk en hy kon verder skiet.

Ons was om 16h00 klaar met die kompetisie en almal was nou ontspanne en het hulself gaan voorberei vir die aand se verrigtinge.

Die wenspan was die SA se Proteas. Die volledige span uitslae is hieronder. Aangesien net die eerste span van elke land in aanmerking kon kom vir medaljes is die medalje wenner as volg:

Gou – SA Proteas
Silwer - Czech Republiek
Brons – Namibia

Die internasionale spanne het ingeval by ons, die terrein was onbekend vir almal en daar is nooit gekla nie. Hulle het ongelooflike waardering gehad vir wat ons gedoen het en almal is reeds besig om te beplan om so spoedig moontlik terug te wees.

Die aand het almal werklik lekker saam gekuier en die laaste manne is eers om 22h30 weg uit die lapa. Party manne moes baie vroeg die volgendeoggend die pad vat maar die meeste is eers na ontbyt die Dinsdagoggend weg.

Die spanne het die ervaring baie geniet en waardeer en dis hierdie terugvoer wat alles die moeite wert maak en maak dat 'n mens dit weer sal doen.

Hier volg 'n lys van borge, in geen spesifieke volgorde nie:

Zeiss, African Hunting Supplies, Formalito, Safari & Outdoor, Whylo, Lynx, Die Skietwinkel, Gerrie Coetze Vuurwapens, Anton Muller (Bridge Stone Vryburg), N-Yale, Nikon SA, Bushill, H.J.Drinn, Awesome Tools, Gunner Sales, Japan Optical, Kloppers (Bloemfontein), Somchem, Peregrine Bullets.

Willem Botha

World Team Shoot 2014

| | Range 1 | Range 2 | Range 3 | Range 4 | Range 5 | Range 6 | Total | M |
|--------------|---------|---------|---------|---------|---------|---------|--------|---|
| SA (A) | 615.2 | 690 | 740 | 550.3 | 850.5 | 855 | 4301 | ① |
| SA (B) | 560 | 770 | 440 | 515 | 830 | 835 | 3950 * | ② |
| SA (Seniors) | 720 | 405 | 545 | 475 | 830 | 780 | 3755 ^ | ③ |
| Namibia (A) | 540.8 | 275 | 380.1 | 380.3 | 730.6 | 590 | 2896.8 | ⑦ |
| Namibia (B) | 370 | 600.2 | 635 | 585.3 | 585 | 500.1 | 3275.6 | ⑤ |
| Sweden | 480 | 435 | 585 | 490 | 410 | 710 | 3110 | ⑥ |
| CZ | 800 | 400 | 405 | 435 | 620 | 760 | 3420 | ② |
| Australia | 420 | 480.3 | 600 | 520.2 | 485 | 355 | 2860.5 | ⑧ |













